e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

2 Augustus 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 26

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Gebed tot die Heilige Gees

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges **(Romeine 8: 26-27)**

Paulus skryf: Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons... Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

Die implikasie van Paulus se woorde is dat ons deur die Gees volgens die wil van God moet bid. Philipp Melanchthon het dít verstaan, en in 1552 die volgende gebed vir 'n Duitse kerkorde geskryf. Hierdie gebed is 'n les oor die hele Christelike lewe:

O ewige, almagtige Heilige Gees, u goedhartigheid is vir my 'n werklikheid... U gaan van die ewige Vader en die ewige Seun uit en word in die harte van die gelowiges gestuur, om ín hulle 'n vreugde in God, en 'n ernstige gebedslewe... aan te wakker en te bewerk...

Ek vra U: Kom woon in my hart en skenk aan my die regte bekering tot God, die regte Godvresendheid, die regte leer en die ware geloof en liefde tot God. Maak my standvastig sodat ek die ware God, die Vader van ons Here Jesus Christus, die Middelaar, en U die Heilige Gees reg mag ken, reg mag vereer en reg mag aanbid, en dat ek in die Heer Christus, deur u werking, troos en hoop mag hê.

Werk ook in my hart volle gehoorsaamheid teenoor God, geduld, en volharding in die menslike deugde. Versterk my en bewaar my teen die duiwel, teen alle leuens en bose versoekinge, sodat ek nie in dwaling en sonde verval nie.

U, Heilige Gees van die ewige Vader en die ewige Seun... kom woon ook in die kerk van God, in die harte van die predikante, en lei hulle tot goddelike liefde, waarheid en eensgesindheid. Bekeer met alle krag, deur hulle prediking, die harte van die mense tot God. Woon ook in die harte van die regeerders, dryf hulle tot goddelike liefde, tot geregtigheid, tot deugdelikheid, tot vrede en tot gelukbringende regering, en versterk hulle daarin. Bewerk dit alles genadiglik om die Middelaar, die Heer Jesus Christus, se ontwil. Amen.

Prof Natie van Wyk

(Hierdie teks kom uit die *Bybelse Dagboek* van 2012, by 21 Augustus)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Bydraes vir volgende week se *e-Hervormer* moet reeds teen Maandagmiddag 6 Augustus om 16:00 na **produksie@nhk.co.za** gestuur word. Die betrokke uitgawe word reeds op Woensdag 8 Augustus uitgestuur, omdat Donderdag 'n vakansiedag is.

- **Mev Edith Malan**, vrou van ds Giel Malan van Gemeente Newlands, ontvang tans behandeling in die Montana-hospitaal. Ons bid dat sy volkome sal herstel.

- Die **negende preekskets**, deur **prof Ernest van Eck**, is op Dinsdag 24 Julie aan predikante gestuur; dié preekskets handel oor Johannes 3: 1-6. Die **tiende preekskets**, deur **ds Frans Redelinghuys** oor Galasiërs 6: 2, is op Woensdag 1 Augustus uitgestuur. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en 'n paar vrae oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- Die volgende **boodskap van die Algemene Sinode van die NG Kerk** oor die huidige woelinge in die Hervormde Kerk is in 'n elektroniese nuusbrief aan hul lidmate deurgegee: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk gaan op die oomblik deur 'n baie moeilike tyd. Die pers het wyd daaroor berig. Die Dagbestuur van die Moderamen wil hulle leierskap verseker dat ons dankbaar is oor hulle besluite (wat in lyn is met die NG Kerk se besluite van 1994 en later) en dat ons hulle in ons gebede dra na aanleiding van die onmin en stryd in hulle geledere. Die gemeentes van die NHKA is ons gemeentes se bure. Ons kerk en die NHKA het 'n formele ekumeniese ooreenkoms, ons werk saam op talle terreine, ons is deur huwelike mekaar se familie... ons kan mekaar nie los nie. Die Dagbestuur van die Moderamen doen 'n beroep op die gemeentes van die NG Kerk om moeite te doen om ons Hervormde bure te ondersteun en moed in te praat. Dankie hiervoor!"

Magda van Deventer

- **Borg kilometers en help ons bejaardes.** Die nood van bejaardes raak al groter, maar die middele is beperk. Die Algemene Diakensvergadering (ADV) verwelkom alle pogings om dit aan te vul. Magda van Deventer (redakteur van die ADV-bylaag in *Konteks*) en 'n stapmaat, Avrianne Maritz, stap in September 200 km van 'n pelgrimsroete, die Camino de Santiago in Spanje. Deur middel van borgskappe per kilometer gaan hulle geld insamel vir die **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB) van die ADV**. Die ADV versoek u vriendelik om hierdie saak te ondersteun en sodoende die lewe van ons bejaardes beter te help maak. Skakel asseblief die ADV se kantoor by 012 322 8885 x221, of stuur 'n e-posboodskap aan Sonet Esterhuizen by **diens@diakens.co.za** en laat u borgskap aanteken. Meer inligting is beskikbaar op die diakens se webwerf by **www.diakens.co.za**.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na **www.diakens.co.za** en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm. Indien u probleme ondervind om toegang tot die aansoekvorm te verkry, kan u in verbinding tree met die sekretaris van die ADV, ds Gerhard Stoltz, by **gerhard@diakens.co.za**.

- Die **NHSV Hoofbestuur** wil elke gemeente wat so mildelik bygedra het tot die **NHSV se deurkollekte** op Sondag 12 Februarie vanjaar van harte bedank. U maak 'n noemenswaardige verskil in die Hervormde studente se lewens. Ons het reeds 'n pragtige bedrag van R149 907,62 vanuit die gemeentes gekry. Vir die gemeentes wat nog graag daardie deurkollektes wil oorbetaal, neem asseblief die stap, dit sal handig te pas kom by volgende jaar se toekenning van fondse.

- Die NHSV Hoofbestuur wil graag alle **NHSV takke** herinner aan die **spesiale tee** wat u asseblief in **Oktober** ter ondersteuning aan **die Ondersteuningsraad** moet hou. Inligting is in omsendbrief 03/2012 beskikbaar, asook op die NHSV se webblad **www.nhsv.org**. By voorbaat dankie vir almal se entoesiasme.

- Daar is nog eksemplare beskikbaar van die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2012**, nou teen die **verminderde prys van R60** (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**, of kontak hom by 072 633 3367.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Piet Retief: Eeufeesvieringe**
  Vrydag 17 tot Sondag 19 Augustus
  Vrydagaand: Dankdiens
  Saterdag: Outydse basaar soos 'n eeu gelede
  Tema: *Die vier ou provinsies (Kaap, Natal, Transvaal en Vrystaat)*
  Tradisionele lekkernye en verskeie uitstallings uit die era
  Saterdagmiddag: Voorbereidingsdiens
  Sondag: Nagmaal op die outydse manier
  Almal trek aan soos die mense van 'n eeu gelede
  Na dankseggingsdiens (nabetragting) 'n gesellige ete
  Feesbundel word saamgestel om later te verskyn
  Deel u ou foto's en staaltjies uit die verlede met ons vir opname in die bundel
  Skakel Jan Venter by 082 925 3951

- **Gemeente Sannieshof: Op uitnodiging**
  Geloof-in-aksie Motorfietsbediening van Gemeente Randburg
  Naweek van 1 en 2 September
  Ter ondersteuning van Sannieshof se basaar (sien bladsy 7)
  Sondag 2 September se erediens gelei deur ds CJ van Wyk van Randburg
  Navrae aan ds Paul Kern by 018 683 0051 of **hartelus@yahoo.com**

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
  Dankfees en Nagmaal
  Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
  100-jaar-viering van kerkgebou
  Alle oudpredikante, vorige lidmate en ander belangstellendes welkom
  Ete na die diens
  Antwoord asseblief voor 31 Augustus
  Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of **pamarx@lantic.net**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Augustus, en word hartlik geluk gewens.**

  - Vrydag 3 Augustus: Ds David du Plessis (Wonderboom-Suid)
  - Maandag 6 Augustus: Dr Stephan Hoffman (Bybelgenootskap), di Japie Jacobs (emeritus) en Renier Lee (siekte-emeritaat)

- Dinsdag 7 Augustus: Prof Lourens Steenkamp (Makarios), di Kobus Celliers (Brits), Rassie Smit (emeritus), Coenraad Strydom (Onverwacht) en Johans van Tonder (Balfour)
- Woensdag 8 Augustus: Di Jan Schutte (siekte-emeritaat) en Jaap Steenkamp (Potchefstroom Die Wilge)
- Vrydag 10 Augustus: Ds Johan Ayres (Germiston)

Beplande vergaderings

- Vrydag 3 Augustus: Kommissie van die AKV (buitengewone vergadering)
- Saterdag 4 Augustus: Kommissie van die ADV
- Maandag 6 Augustus: Raad vir SENTIK
- Dinsdag 7 Augustus: Operasionele Komitee van die Ondersteuningsraad
- Woensdag 12 September: Predikantevergadering (te Swartkop)

Kursusse en toerusting

- **Gelowige Gesinne Gesprek (GGG): Naweekseminaar**
  Vrydag 14 tot Sondag 16 September
  Inisiatief van Kommissie van die AKV, gefasiliteer deur Gemeente Montana
  Kerkterrein, hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana
  Tema: *Sagte-oë-ouerskap*
  Ouerskap met 'n verskil: Hoe om jou kind emosioneel gesond te maak
  Is jy 'n ouer, werk jy daagliks met kinders en ouers op terapeutiese vlak?
  Is jy betrokke by ouer- en kinderbediening?
  Kontak Esmé by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (Parys)**
  Behuising vir seniorburgers
  Daar is tans die volgende behuising beskikbaar:
  MET VERSORGING
  1 dubbelkamer (verkieslik 'n egpaar) – 24-uur-versorging
  Koste per persoon R5 500 per maand
  (sluit in 3 etes per dag, wasgoed en kamer skoonmaak), opnamefooi R3 000
  SELFVERSORGING
  - A-gang: 1 enkelkamer, R3 050 per maand
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en kamer skoonmaak 1 x per week)
  - B-gang: 1 dubbelkamer (egpaar) – R3 050 per persoon
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week)
  - H-gang: 1 ruim kamer met eie badkamer, stoepie en tuintjie
    (ingesluit middagete) – R3 000 per maand

  Eenmalige opnamefooi van R3 000
  Ondersteunende dienste beskikbaar
  Kontak matrone Alet Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Saterdag 4 Augustus om 10:00: Gemeente Midrand: Damesdag**
  Tema: *Vroue in die voetspore van Christus*
  Kaartjies R100 per persoon
  Ma en dogter R150
  Pensioenarisse R50
  Eetgoed en geskenke
  11de Straat 124, Erand Gardens, Midrand
  Kontak ds Paula Eksteen-Erasmus by 083 282 5121
  of **nhkmidrand@gmail.com**

- **Saterdag 4 Augustus: NHSV Springs-Noord: Damesoggend**
  09:00 vir 09:30
  Tema: *Vier-seisoene-vrou*
  R90 per persoon
  Skakel Kotie Jacobsz by 072 248 9440

- **Donderdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Damesoggend**
  NG Kerksaal Hartbeesfontein 10:00 vir 10:30
  Hernu jou lewe, gees, styl en uitkyk
  Inspirerende nuwe idees, pitkos en ’n vars nuwe styl – spesiaal vir jou!
  Saam met Henre Botha (Gospelsanger) & Augus & Ronel
  Aandrokke word gemodelleer
  Stalletjies & ligte ete
  R100 per persoon
  Kontak Carina by 082 564 1424 of Lizbe by 082 878 6643

- **Saterdag 18 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee met ’n verskil**
  Smaaklike sjampanje-ontbyt
  Tema: *Titanic*
  Kontak Corrie Marais by 082 374 6026 of **corriem@suidwes.co.za**

- **Saterdag 18 Augustus: NHSV Zwartruggens: Damesoggend**
  Kom geniet ’n sprankeloggend en kry nuwe visie, hoop en lewe
  Gretha Wiid met *Eva se lyf* en gasverskyning deur Qualitrio-manne
  NHK Kerksaal Swartruggens om 10:00
  Verversings is ingesluit
  Uitstallers reeds van 09:00 af
  R100 per persoon
  Kontak Erica by 082 924 6099

- **Vrydagaand 24 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Sorina “die Flooze”
  In kerksaal 18:30 vir 19:00
  R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders
  Navrae aan Alta Bester by 082 936 5289

- **Sondag 26 Augustus om 15:00: Gemeente Vereeniging**
  Tienie van Wyk Koorfees
  Met Albertonse Mannekoor, AKApêlle en Christina van der Bijl
  R40 per persoon
  Navrae aan 016 422 0172 of **pbboshoff@telkomsa.net**

- **30 Augustus tot 8 September: Gemeente Delmas**
  Jerusalem, Jerusalem!
  Interkerklike opvoering
  By NG gemeente Delmas-Wes
  Vir meer inligting, kontak Martin Rossouw by 082 410 1936

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 25 Augustus: Gemeente Sionspoort**
  Randfontein EPR-fietswedren
  120 of 58 km (pad) en 55 of 30 km (bergfiets)
  Spring weg en eindig by Tarlton-renbaan
  Laai 'n inskrywingsvorm af by **www.sionspoort.org**
  of skryf aanlyn in by **www.cyclelab.com**
  Kontak Johan van Staden by 082 464 1547

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Erasmia: Stap en Trap vir Bybels**
  Saterdag 11 Augustus
  Registrasie vanaf 07:00, wegspring 08:00
  By Voortrekkermonument
  3, 5 en 10 km, medaljes vir almal wat klaarmaak
  Koste: R35 ten bate van Bybelgenootskap
  Kontak Isme by 012 370 3513 / 082 962 2870
  of Pieter by 083 400 1854

- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
  Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
  R1 000: 20 boekies ter waarde van R10 000
  (gemeente kan dus R9 000 wins maak)
  R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
  R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
  Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
  Trekking Saterdag 29 September om 12:45
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Gemeente Kampersrus: Vakansiekompetisie**
  Trekking: 27 Oktober 2012
  Wen 'n naweek ter waarde van R28 000
  Kaartjies teen R100 elk
  Kontak een van die volgende persone:
  Ds Marius Kramer 083 310 6042
  Rene Pretorius 082 458 7144
  kampersrus@nhk.co.za

Basaars en markte

- **Saterdag 4 Augustus: Potchefstroom-Studentegemeente**
  Minibasaar op die kerkterrein (Silwerstraat 19, Potchefstroom)
  Kompetisies: Springkasteel, skyfskiet, veerpyltjies, bottelvang, eenwielfiets, muurklim, perderitte, ens
  Heerlike eetgoed: Ontbyt, hamburgers, worsbroodjies, kerrie-en-rys, pannekoek, poeding, lekkergoed, groente, koeldrank, koektafel
  Kontak Rudy Denton by 082 459 9710
  of Marlé Geel by 082 861 2799

- **Vrydag 3 tot Sondag 5 Augustus: Gemeente Buffelspoort: Buffelfees**
  By ATKV Buffelspoort-vakansieoord buite Mooinooi
  Kunstenaars Vrydagaand: Ian Wessels (Loslippig) en Jason Bradley
  Saterdag: Manie Jackson, Jennifer Zamudio, Johan Britz, Jenny Kirsten, Jolanda Spann en Jason Bradley
  Saterdag ook bergwedloop, minikrieket en Mej Buffelfees
  Heerlike kos en uitstallings
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 014 572 3125
  of **marikana@nhk.co.za**

- **Saterdag 1 September: Gemeente Mafeking: *Flower Power* Lentebasaar**
  Op die kerkterrein
  Wen pryse ter waarde van R10 000 – 'n bees/R4 000
  of 2 nagte midweek vir 4 persone in houthuis in wildreservaat by Bloemhofdam
  Om te kwalifiseer, maak donasie van R50 of veelvoude daarvan aan gemeente
  Prystrekking op 1 September om 15:00
  Navrae: Kallie Landsberg (079 893 9031) of Nelia Landsberg (083 665 6239)

- **Saterdag 1 September: Gemeente Montana: Bokkefees**
  Op kerkterrein (hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana)
  Wildsgeregte om van te kies en keur asook ander eetgoed
  Boogskiet vir ouers en kinders, speletjies, perderitte, ens
  Kontak Esmé by gemeentelike kerkkantoor 012 567 1753

- **Saterdag 1 September: Gemeente Ventersdorp: Basaar**
  Vanaf 09:00
  Kom geniet die plattelandse atmosfeer
  Baie vleis en eetgoed
  Navrae aan **nhkven@lantic.net**

- **Saterdag 1 September: Gemeente Sannieshof: Basaar**
  Gaskunstenaar Sorina (die Flooze)
  Tema: *Hoezit my Tjomma!*
  Met Geloof-in-Aksie Motorfietsbediening van Gemeente Randburg
  Alle *e-Hervormer*-lesers wat motorfietsentoesiaste is, word spesiaal genooi!
  Navrae aan ds Paul Kern by 018 683 0051 of **hartelus@yahoo.com**

- **Saterdag 8 September: Gemeente Bothaville: Kaboemieliefees**
  Met DJ Ossewa en Adele Botes
  Op die kerkterrein (Careystraat 39)
  Heerlike kos: braaivleis, potjiekos, roosterkoeke, sosaties, ens
  Kom geniet 'n heerlike plaasontbyt met lewer en pap
  Verfbal en Kinderland vir wonderlike vermaak
  Groot pryse om te wen: 10 speenkalwers as 1ste prys (kaartjies R100)
  Uitstallers, vlooimarkstalletjies, ou karre en ou trekkers
  Navrae by kerkkantoor 056 515 2673 of **henniepretorius@lantic.net**

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 September: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer
  By Doornrivier 4x4, Zeerust
  Kontak ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **bosrumoer@gmail.com**
  http://www.bosrumoer.co.za

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad**
  Doringfees
  Gaskunstenaar Sorina die Flooze
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
  of **nhkleeutjies@nwet.co.za**

ANDER NUUS

Sheri Brynard

- **Sheri Brynard**, oudleerling van Hoërskool Martie du Plessis in Bloemfontein (een van die skole van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys), is pas aangewys as wenner in die kategorie **Youth Mover** van die Shoprite Checkers Vroue van die Jaar-kompetisie. Ons het in die **Junie 2012-uitgawe van *Konteks*** oor Sheri berig. Sheri is die enigste Downsindroomlyer in Suid-Afrika met 'n naskoolse kwalifikasie aan 'n tersiêre inrigting. Sy het na matriek haar nasionale diploma (N6) in Educare verwerf, en is assistent vir 'n onderwyser van die Lettie Fouche-skool. Sheri tree gereeld as spreker op, en is onder andere genooi om gedurende 2012 as hoofspreker op te tree by die Internasionale Downsindroomkongres. Sy dien ook as ambassadeur vir Suid-Afrika in die Raad van Downsindroom Internasionaal. Verder was sy al genomineer vir die Bloemfonteiner van die Jaar. Dokters het by haar geboorte gesê sy sal nie leef totdat sy 30 jaar oud is nie, maar op 15 Maart het Sheri haar 30ste verjaardag gevier en boonop 'n rol losgeslaan in die gewilde TV-sepie *Binnelanders*. Baie geluk, Sheri!

- **Loslitdag Vrydag 7 September**
  Ondersteun persone met gestremdhede
  Projek word geadministreer deur Nasionale Raad
  vir Persone met Liggaamlike Gestremdheid in SA
  Ondersteun vanjaar die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
  (TOIBO)
  Koop jou plakker @ R10
  Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of **toibo@nhk.co.za**
  en bestel jou plakkers
  Borgliggaam vir: Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes,
  Prinshofskool vir Gesiggestremdes, Sonitusskool vir Gehoorgestremdes,
  Transoranje-skool vir Dowes en
  Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid
  Koop jou plakker vandag nog en wys
  jy gee om vir 'n kind met 'n gestremdheid

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort, van Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012. Die koste beloop **R850 per kind**

wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, kan Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor kontak by 012 325 2320 of **oraad@telkomsa.net**. Die bankbesonderhede is soos volg:

Die Ondersteuningsraad
ABSA
Tjekrekening
Rekeningnommer: 000602795
Takkode: 323 345
Beskrywing: Kampfonds

- **Beeld-Kinderfonds 2012**
  Kaartjies vir die kompetisie om fondse vir die versorging van kinders in te samel, kos **R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Onder andere 'n Peugeot 107, 'n seereis op MSC Sinfonia, 'n vakansie by Go Wild Resorts asook R50 000 in kontantpryse kan gewen word. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**
  15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)
  Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer
  Kontak ds HH van Alten by **hhvanalten@vgkmaranata.org.za**
  of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **INTERNASIONALE KINDER- EN JEUGKONFERENSIE**
  26-28 September 2012
  Fakulteit Teologie, NWU, Potchefstroom
  Gerig op predikante, kategete, ouers en almal wat met kinders en die jeug werk
  Verskeie gesamentlike en parallelle sessies
  Wetenskaplike én meer populêre lesings
  Sprekers: prof Malan Nel; Craig Groome; Marius Storm; Petra Kollege; ongeveer 30 ander
  Konferensiegangers is vir eie huisvesting verantwoordelik
  Kry inligting oor gastehuise by
  http://www.potchefstroom.co.za/accommodation/acc_guest_houses.html
  Navrae aan dr Rudy Denton by 018 294 3509 of **rudy@nhk.co.za**

- **Bybelgenootskap: Gholfdag**
  Dinsdag 9 Oktober: Gelyktydige begin 11:00
  Serengeti-gholfklub
  Betterball Stableford
  R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
  Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
  of **jenene@serengeti.co.za**

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann

bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Waardering vir ds Fourie se voorbladartikel. Met reg sê hy: *Iets soos 'n standaardstelsel vir waardes bestaan egter nie en dit sal haas onmoontlik wees om 'n universele beskrywing van 'n waardestelsel wat siek is, daargestel te kry.* Dit is so omdat die wêreld die waardestelsel van morele waardes (norme) nie ken nie. Dit bestaan egter wel as 'n absolute, ware en vir alle tye geldende waardestelsel: die mens se groot Liefdesgebod. As daar 'n *aanklag* teen ons, die geestelike leiers van die samelewing, moet wees, is dit omdat ons nie die Liefdesgebod met erns verkondig en veral lewe nie."

Ds Martyn Redelinghuys, Standerton

Lidmate van gemeentes waar 'n kerkraad moontlik met meerderheidstem besluit het om kerklike eiendom te vervreem en andersins in stryd met die Kerkorde optree, se lidmaatskap van die Hervormde Kerk kan daardeur in die gedrang kom. Lidmate wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van die volgende maniere met die Kerk kontak te maak:

- **SMS jou naam, gemeente, kontaknommer en e-posadres na 074 406 6303 (slegs SMS'e, nie oproepe nie). Die Sinodale Kerkkantoor sal jou binne 7 dae kontak.**
- **Telefonies: Skakel mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x254.**
- **Stuur 'n e-pos na nhk@nhk.co.za.**
- **Kontak jou gemeente se konsulent, of 'n ander predikant in die ring. Hul inligting is op die Kerk se webblad beskikbaar by www.nhka.org (onder So werk ons / Predikante).**

Die Kerk sal hierdie inligting met groot sensitiwiteit hanteer.

Ark se replika

In die hawe van Dordrecht lê ’n houtboot van 450 voet (300 el) lank, 75 voet (50 el) breed en 30 el hoog – ’n replika van Noag se ark!

Die man wat die ark gebou het, is die Nederlander Johan Huibers. Dit is die tweede ark wat hy aanmekaar geslaan het, maar die vorige was ’n skaalmodel van 70 meter lank.

Die boot kan 3 000 mense inneem, maar die owerhede van Dordrecht, sê Huibers, het nie veel ervaring van arke nie, en daarom mag hy nou net 500 mense op ’n slag aan boord neem. Hy hoop om 300 000 besoekers per jaar aan boord te neem om dan tussen regte en plastiekdiere rond te stap om ’n idee te kry hoe Noag en sy medevaarders dit moes beleef het.

Huibers vertel die banke was heel bereid om te help met die finansiering, maar sy vrou was minder gelukkig en het die bouery uit sy kop probeer praat.

Altesaam 12 000 bome se hout is gebruik. Hoewel die buitekant baie eg lyk, is die binnekant met staalrame versterk, en is verskeie vertrekke met tegnologie van die 21ste eeu uitgerus, onder andere die restaurant, ’n ouditorium en twee amfiteaters vir opvoerings.

Die plan is dat die ark twee jaar in Dordrecht sal vertoef, en daarna by ander hawens sal aandoen.

(Foto: Imageglobe)

Herman Toerien



Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx